VLAKTE (SWARTWILDEBEES) SKIETOEFENING

1. Inleiding
Hierdie oefening het ten doel om die jag van Swartwildebeeste en ander groter bokke oor langer afstande in oop terrein na te boots. Dit bied aan skuts die geleentheid om aan 'n skietoefening deel te neem oor afstande van 200m en 300m. Die gewere moet dus akkuraat wees en die teleskope moet duidelik wees en genoeg vergroot (verkieslik 10x en meer) ten einde goeie skootplasing te kan doen. Hierdie oefening is spesifiek gemik op díe skuts wat beskik oor akkurate gewere van **6.5 (.264) kaliber en groter** wat geskik is vir vlakte jagtoestande.

2. Teiken
Die Swartwildebees-teiken van die SAJWV word gebruik of enige ander teiken van tyd tot tyd deur die skietkomitee goedgekeur. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk).

3. Universele reëls by skietoefeninge
Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items.

4. Standaardbevele
Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5. Kaliber
Minimum kaliber is **6.5mm (.264)**. Die 25-06 Rem (.257 kaliber) kwalifiseer nie. Minimum koeëlgewig word nie voorgeskryf nie om moderne ligter monolitise koeëls ook te akkommodeer. Let daarop dat alle koeëlgewigte vir hierdie skietoefening toegelaat, nie noodwendig geskik mag wees vir aanwending op die spesie op die teiken nie. Dit is die jagter se verantwoordelikheid om seker te maak dat die ammunisie wat gebruik word tydens die jag, wel geskik is vir die dier wat gejag word.

6. Visiere of teleskope
Geen beperking op visiere of teleskope nie.

7. Oefening (item verwysings na die dokument "Universele reëls by skietoefeninge")

a. Vanaf **300 meter** word **drie skote** in **120 sekondes** vanuit die lê posisie met ondersteuning slegs voor geskiet (verwys na item 18.1.2).

b. Vanaf **200 meter** word **drie skote** in **120 sekondes** vanuit die lê posisie sonder enige bykomende ondersteuning geskiet (verwys na item 18.1.1).

c. Vanaf **200 meter** word **drie skote** in **120 sekondes** vanuit die sitposisie met enkel ondersteuning of "Harris-tipe tweepoot {verwys na item 18.2.2 (a)}.

8. Erkenning
Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: 27, 32 en 36 is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van 45.



Teiken papier grootte: 1000x750mm

Teiken Areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Hart	100 x 115	93	-
V-kol	54 dia	23	25 %
Brein/Skedel	112 x 95	85	90 %
Sentrale hart/long	180 x 190	320	340 %
Groter hart/long	220 x 260	590	630 %

Nekwerwel: 60mm wyd
Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.